

23 Januarie

Hebreërs 11

(Teks: Hebreërs 11:31)

Net genade

Somtyds twyfel 'n mens aan jou verlossing en as jy in die Bybel sekerheid gaan soek dan gebeur dit dat 'n mens bang word, want dan lees ons van al die groot gelowiges en al die wonderlike dinge wat hulle gedoen het.

Wanneer jy so voel kan jy gerus Hebreërs 11 rustig gaan sit en deurlees. Daar lees ons van al die verskillende mense wat deur die geloof gered is. Miskien word ons selfs nog banger as ons lees van Abel, die eerste martelaar; en van Henog, die man wat met God gewandel het, en Abraham, die vader van die gelowiges.

Maar dan word ons getroos as ons vers 31 lees. Daar staan: *"Omdat Ragab, die prostituut, geglo het, het sy die verkenners vriendelik ontvang en het sy nie omgekom saam met dié wat aan God ongehoorsaam was nie."* Ons lees dus tussen die name van al die gelowiges wat hier genoem word ook die naam van Ragab, die prostituut. Sy word aan ons as voorbeeld in die geloof voorgehou alhoewel sy prostituut genoem word.

As ons dit lees verstaan ons meteens: Dit is nie deur hulle eie doen en late dat die gelowiges se name hier staan as voorbeelde van geloof nie. Dit is deur die genade van God. Ons verlossing berus nie op ons daede nie maar op dit wat Jesus Christus aan die kruis gedoen het. Ook my naam, ten spyte van al my sonde, kan inpas in die register van gelowiges.

Sing Psalm 116:1 en 7

Ds. T. Kruger (Newcastle)